PIETERSBURG-OOS
GLO EN BOU

# LAERSKOOL PIETERSBURG-OOS

KLEINENBERGSTRAAT 102
POLOKWANE
0699

E-pos: oosskool@mweb.co.za
Webwerf: www.oosskool.org

Postnet Suite #20
Privaatsak x9676
POLOKWANE 0700

Tel: 015 - 296 0214/5
Faks: 015 - 296 3642

2 November 2021

**Graad R Inligtingstuk - November 2021**

'n Hartlike welkom aan al ons trotse Gr. R-ouers van 2022.

Ons glo dat die volgende inligting u inskakeling by ons OSIEFAMILIE seepglad sal laat verloop.

1. **Eerste skooldag.**
   - Die skool begin, **Woensdag, 12 Januarie 2022.** U kan u kind aflaai vanaf **07:00 tot 07:30.**
   - Maatjies is rustig as hulle betyds is vir die klassie wat om 7:30 begin.
   - Mamma en Pappa neem u kind na sy/haar klas toe, teken die register en groet.
   - U kan weer u kind om **12:00** kom haal by sy/haar klas.

2. **Eerste week.** 12-14 Januarie 2022
   - Maats word om 12:00 gehaal.
   - Maats wat vir groot boeties en sussies wag, gaan in hulle eie klasse wag.

3. **Kleredrag.**
   - Kinders dra enige gemaklike klere.
   - Alle klere moet asseblief duidelik gemerk wees.
   - 'n Klashempie is beskikbaar teen R140, by die klerewinkel.
   - Hempies word reeds by die kuieraand aangepas en deur ouers bestel.

4. **Verjaarsdae.**
   - Verjaarsdagkoeke en/of pakkies mag gestuur word.

5. **Op- en aflaai van u kind.**
   - Vanaf die tweede week kan u, u kind om 12:30 kom haal.
   - Die maats word deur 'n onderwyser opgepas tot 13:30 indien hulle vir 'n ouer boetie of sussie wag.
   - Geen maat mag op 'n ander plek as die Graad R terrein vir hulle ouers wag nie.

6. **Buitekurrikulêre program.**
   - 'n Geïntegreerde buitekurrikulêre program word deurgaans aangebied en sluit die volgende in: Playball, klasmusiek, rekenaars (Cami), mini-tennis, KDA, bulletjierugby en mini-netbal.

7. **Skakeling met die onderwysers.**
   - Elke klas se juffrou sal 'n klasgroepie op WhatsApp stig.
   - Reageer vinnig as 'n juffrou u vra om haar te kom sien.
   - Stuur 'n briefie of WhatsApp boodskap as u iets vir juffrou wil sê – nie mondelinge boodskappe nie.
   - Afsprake moet vooraf gereël word vir 'n tyd wat beide onderwyseres en ouer pas.

8. **Tuiswerk.**
- U kind sal 'n onthou-lêer ontvang waarin daar Vrydae 'n briefie geplaas sal word.
- Stuur asseblief die lêer, sowel as die denimsakkie, **Donderdae** terug skool toe.

9. **Skooltas.**
- 'n Tas waarin u kind se klere, kosblik en denimsak sal pas is voldoende.
- Mamma / Pappa, kyk asseblief daagliks in my tas vir kommunikasie vanaf die skool.

10. **Etenstyd.**
- Sorg asseblief dat u kleinding elke dag 'n gesonde kospakkie in het vir skool.
- Etes word nie deur die skool verskaf nie.

11. **Skryfbehoeftepakket.**
- R580 is betaalbaar voor of op 28 Februarie 2022, vir die skryfbehoeftepakket.
- Hierdie pakket bevat al die skryfbehoeftes wat u kleuter deur die jaar gaan nodig hê.
- Die pakket bestaan uit: pastelle, verf, vetkryt, papier, karton, viltpenne, gom, klei, kunsboek, krabbelboek, denimsakkie,"Flip file" ens.

12. **Finansies.**
- Alle gelde kan **elektronies oorbetaal** word in die skool se rekening.
- Elke item moet asseblief apart gespesifiseer word.
- Dui u verwysing duidelik aan – Elke leerling in die skool ontvang 'n rekenaarnommer.
- U kind se **naam en van** en **Gr R**, kan ook gebruik word as u nog nie die nommer ken nie.

13. **Bak en Brou.**
- Met elke tema is daar 'n Bak en Brou les, dit beloop **R150 per kwartaal.**

14. **Snoepie.**
- Ons gaan nie meer weekliks snoepie hou nie. (Kostebesparing)
- Een maal per kwartaal sal ons die maats toelaat om by Kekkel en Kloek te gaan koop in klasverband.

15. **Naskool.**
- Naskool vind plaas op die Gr. R-terrein.
- Die tye is vanaf 12:30 – 17:15 (stiptelik). Maandag tot Vrydag.
- Maats ontvang middagete en later weer 'n verversing en koeldrank.
- Vakansiesorg is ook beskikbaar deur die jaar.

Ons is baie opgewonde oor al ons nuwe Gr. R maats. Binnekort speel en werk ons dat die biesies bewe!

Graad R groete.

**Me W. Viljoen**
**Graadhoof**

**Mnr GF Pelzer**
**Hoof**

**Me A. Gouws**
**DHP - Juniorskool**